higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N5

(Eerste Vraestel)

(9090165)

25 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MEDIESE PRAKTYK N5
(Eerste Vraestel)
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A.
2. Beantwoord enige DRIE vrae uit AFDELING B.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Voltooi die volgende sinne deur die woorde in die onderstaande lys te gebruik. Skryf slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

lansette; kleurlose; melkerige; angiogramme; sny; donkeroranje; narkose; diabetes; ontsmettingsmiddels; tuberkulose; deurskynend geel

1.1.1 Normale urien is ... in kleur.

1.1.2 Oormatige waterinname kan tot ... urien lei.

1.1.3 ... urien kan 'n teken van ernstige ontwatering wees.

1.1.4 ... urien kan 'n aanduiding van urienweginfeksie wees.

1.1.5 ... word gebruik om mikro-organismes te inhibeer en die moontlikheid van geïnfekteerde lewende weefsel te verminder.

1.1.6 ... word gebruik om die vel te prik tydens allergietoetsing.

1.1.7 ... naalde help om harde weefsel te deurdring.

1.1.8 Plaaslike ... verdoof slegs 'n spesifieke gedeelte van die liggaam en nie die bewussyn nie.

1.1.9 'n X-straal van die bors kan gebruik word om ... te diagnoseer.

1.1.10 ... kan gebruik word om are te ondersoek.

(10 × 2) (20)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 X-strale het kort golflengtes.

1.2.2 Pasiënte het die reg om behandeling te weier.

1.2.3 Pasiënte se gesondheidsrekords moet vir twee jaar gestoor word vanaf die datum wat dit dormant raak.

1.2.4 Gesondheidsrekords van minderjariges moet gehou word tot hul 21ste verjaarsdag.

1.2.5 Gesondheidsrekords van pasiënte wat vir werksverwante siektes behandel is, moet vir 10 jaar ná behandeling gehou word.

1.2.6 Praktisyns word toegelaat om die gevare van 'n gebrek aan behandeling uit te lig as hulle hul dienste adverteer.

1.2.7 'n Locum tenens moet geregistreer wees om onafhanklik te praktiseer.

1.2.8 'n Praktisyn kan vertroulike pasiëntinligting bekendmaak indien hy/sy so beveel word deur 'n geregshof.

1.2.9 'n Pasiënt kan die datum vir terugkeer na werk op 'n siektesertifikaat invul as hy/sy beter voel.

1.2.10 'n Mediese sekretaresse kan voorskrifte uitreik en teken.

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

Beantwoord enige DRIE vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 2

2.1 Noem TWEE soorte teenliggaampies. (2)

2.2 Gee VYF maniere hoe inspuitings toegedien kan word. (5)

2.3 Wat moet jy in 'n noodsituasie doen om iemand te help wat bewusteloos is? (8)

2.4 Watter inligting moet met 'n pasiënt gedeel word voordat ingeligte toestemming vir 'n mediese prosedure gegee kan word? (5)

[20]

VRAAG 3

3.1 Gee DRIE datums wat op 'n siektesertifikaat ingesluit moet wees. (3)

3.2 Noem VIER soorte monsters wat vir patologiese toetse geneem kan word. (4)

3.3 Bestudeer die beelde hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron: *http://www.lt-burnik.si/eng/Index.php?id=./01_Products/01_Vacutube/Manual.html]*

3.3.1 Noem die prosedure wat hierbo geïllustreer word. (2)

3.3.2 Wat is die verantwoordelikhede van die mediese sekretaresse tydens hierdie prosedure? (6)

3.4 Waarom is patologiese toetse belangrik? (5)

[20]

VRAAG 4

4.1 Noem SEWE plekke op die liggaam waar die pols gevoel kan word. (7)

4.2 Op watter eienskappe sal jy let as jy 'n ontsmettingsmiddel moet kies? (8)

4.3 Wanneer is 'n inspuiting die beste manier om medikasie toe te dien? (5)
[20]

VRAAG 5

5.1 Noem DRIE instrumente of materiale wat vir klein prosedures gebruik word. (3)

5.2 Noem VIER dele van die liggaam waar temperatuur geneem kan word. (4)

5.3 Gee AGT voorbeelde van eerstelynverdediging van die liggaam wat die indringing van patogene voorkom en teen infeksie beskerm. (8)

5.4 Watter faktore dink jy dra by tot 'n gesonde dokter-pasiënt-verhouding? (5)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou